


# Entrepreneuria

## *Junior Entrepreneurskompetisie*

### *KragDag Ekspo*

**6-8 Augustus 2026, 20km oos van Pretoria**
**Diamantvallei Landgoed, Rayton, 1001**

## *KragDag gee jou entrepreneurskap 'n hupstoot*

Die junior entrepreneurs by KragDag het oor die jare 'n hoogtepunt vir baie van die KragDag besoekers geword. Die Entrepreneuria Junior Entrepreneurskompesie bied 'n informele plaorm waar kinders hulle entrepreneuriese vernuf kan toets en ook hulle sakgeld kan aanvul. By KragDag 2025 het junior entrepreneurs die geleentheid gekry om hulle idees en produkte aan 32 000 mense bekend te stel.

Beoordeling word gedoen deur suksesvolle sakemanne en daar is vir die wenners, behalwe vir die kontant, voortgesete mentorskapgeleenthede van onskatbare waarde. Selfs in die voorbereiding vir jou uitstalling by KragDag is daar reeds geleentheid om van ons besigheidsafrigng sessies by te woon.

## *Wonder jy wat jy kan doen? So lyk jou mede-entrepreneurs:*

Van die produkte wat by vorige KragDag ekspo's aangebied is, sluit in pottebakkery, kunsbenodighede, knipmesse, vrugte, nuutste nutsgoed, selfgemaakte braaiers, plante, pyl-en-boë, spiraalaartappelsnyers, borrelblaasers, kuikens en pluimvee, gedroogte vrugte, tuisgebakte produkte, sjokolade, swepe, storieboekvoorlesings, popklere en -meubels, robotika, erdwurms en kuns- en skilderwerk, akwaponiese voedselverbouing, seepvervaardiging, byeboerdery, skaapskeerdery en tuisgemaakte vuuraanstekers.

### *Wil jy jou eie baas wees? Kan jy goeie planne maak? Kom neem deel aan Kragdag 2026 met die leuse "Waag met toegerusde vertroue!"*

Jou tyd is NOU! Behalwe dat jy nie meer kan aanvaar dat 'n matrieksertifikaat 'n werksgeleentheid gaan verseker nie, roep avontuurlike en uitdagende entrepreneursgeleenthede jou. Geleenthede gebeur inderdaad nie hulleself nie, dus moet elkeen van ons leer om 'n (besigheids)plan te maak, 'n geleentheid te skep vir onsself en dit uit te bou.

**Hiervandaan dan ons leuse "Waag met toegerusde vertroue!".**

Hierdie kompetisie bied 'n geleentheid vir junior entrepreneurs wat hulle eerste treë na 'n vrye en volhoubare bestaan wil gee. Alhoewel enige jong entrepreneur by KragDag welkom is, is dit veral die entrepreneurs wat hulle nie net beperk tot inkomste uit die ekspo self nie, maar besig is om 'n heeljaar onderneming te bou, wat ons aandag trek!

Kom-aan! Skryf in, waag en word deel van 'n uitgelese jong en dinamiese groep!



## *Deelname Afdelings*

Jy kan in een van die volgende afdelings deelneem, nie net om te wen nie, maar veral vir die kennis wat jy gaan opdoen:

### Doelgerig:

Vir die bestaande of voornemende entrepreneurs (ouderdom 14 tot 21 jaar) wat ernsg is om 'n sukses van hulle entrepreneuriese loopbaan te maak en greg en die vermoë het om met die nodige mentorskapleiding hulle hiervoor voor te berei.
Bywoning van die besigheidsontwikkeling mentorskapprogram sal nie net beperk wees tot die wenners nie, maar ook toeganklik wees vir ander toppresteerders.

**Pryse:** **1ste Prys: R 10 000**
**2de Prys: R 5 000**
**3 de Prys: R1 000**

## Voete Natmaak:

'n Ligter weegawe van die Doelgerig-pakket, hoofsaaklik gerig op jonger junior entrepreneurs (ongeveer tot 13 jaar).

**Pryse:** **1ste Prys: R 4 000**
**2de Prys: R 2 000**
**3de Prys : R500**

**Beoordeling :**
*Beoordelaars sal binnekort aangekondig word en bestaan uit suksesvolle sakemanne en entrepreneurs onder leiding van Fergus Ferguson.*

**Bepalings hierbo mag moontlik aangepas word.*

## *Kriteria vir deelname aan die Junior Entrepreneur Kompetisie by KragDag*

1. **Ouderdomsbeperking**: Jy moet 21 jaar of jonger wees om deel te neem.
2. **Kosstal Deelname**: Jy mag 'n volwaardige kosstal bedryf, **onderhewig aan beskikbaarheid**. Die koste vir die kosstal is R3 910 (nie R161 nie). Knabbelgoed stalletjies word nie hierby ingesluit nie; kontak KragDag kantoor vir besonderhede. **Belangrik**:
    - Jy moet volle eienaarskap van jou ingeskryfde besigheid hê. Jy moet kan bewys dat dit jou eie besigheid is en dat jy self jou produkte maak en bedien.
    - **Slegs deelnemers van 13 jaar en ouer mag aan verversings of kosverkope deelneem.**
3. **Inskrywingsvereistes** (Inskrywings sluit 26 Junie 2026):
    - **Jongmense wat as entrepreneurs aan die ekspo wil deelneem moet voor die sluitingsdatum vir uitstalleraansoeke hulle besigheidsvraelyste indien, waarna die beoordeelaars sal beslis watter entrepreneurs slaag om by die ekspo uit te stal. ‘n Maksimum van 30 Doelgerig en 15 Voete Natmaak entrepreneurs sal toegelaat word.**
    - **Voltooide die aanlyn inskrywingsvorm volledig. Let Wel**: Jou aansoekvorm sal nie aanvaar word as dit onvolledig is nie. Vul asseblief die volgende besonderhede in op jou inskrywingsvorm:
        - Jou onderneming se naam.
        - Jou ouderdom.
    - **Doelgerig afdeling**: Voltooide besigheidsvraelys saam met indiening van aansoekvorm in PDF(elektronies beskikbaar).
    - **Voete Natmaak afdeling**: Voltooide besigheidsvraelys saam met indiening van aansoekvorm in PDF (elektronies beskikbaar).
    - **Jou besigheidsvraelys dien as die eerste keuringsdokument om aan die kompetisie deel te neem**. Indien jou aansoek suksesvol is, sal KragDag jou laat weet en ’n faktuur uitryk vir jou uitstalruimte.

- Betaling van die inskrywingsfooi: R161 vir gewone deelnemers of R3 910 vir kosstal uitstallers.

- **Uitstalling op KragDag:**
  - **Vanaf 2026 word daar vereis dat Junior Entrepreneurs op al drie ekspodae (6,7 en 8 Augustus 2026) uit stal**. Indien jou skool 'n brief benodig, sal KragDag een uitreik. Junior Entrepreneurs is ook welkom om tydens skooldae te reël dat iemand die stalletjie in hulle plek beman.
  - Jy mag nie jou ruimte skuif sonder toestemming en vir gerieflikheid nie, jy sal gediskwalifiseer word.




## *Navrae*

Vir meer besonderhede oor die ekspo besoek www.kragdag.co.za
Vir enige navrae skakel met ons by 087 231 1644 of info@kragdag.co.za